

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Moloi (151/84) [1984] ZASCA 149 (28 November 1984) [1984] ZASCA 149

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Rabie, Cillie, Galgut

CASE / FILE NUMBER

151/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPELAFDELING)

In die appèl van : -

HYASINTH MOLOI appellant

teen DIE STAAT respondent

Coram: RABIE HH, CILLIE AR et C.GALGUT Wn AR. Datum van verhoor: 16 November 1984

Datum van uitspraak: 28 November 1984

UITSpraak

GALGUT Wn AR:

Die appellant is in die streekhof te Klerks-

dorp aan die onwettige besit van 'n M A B Espanola pistool (klag 1) en vier 7.65 mm patrone (klag 2) skuldig bevind.

/ Kragtens

2Kragtens art 2, gelees met (; artikels 39(2) en 40, van Wet 75 van 1969 ("die Wet") mag geen persoon 'n wapen in sy besit hê nie tensy hy 'n lisensie hou om daardie wapen te besit. Kragtens art 36 van die Wet mag geen persoon in besit van ammunisie wees nie tensy hy in regmatige besit is van 'n

wapen waaruit die ammunisie afgeskiet kan word. Die twee

aanklagte is saamgeneem vir doeleindes van vonnis en 'n vonnis van agtien maande gevangenisstraf is hom opgelê. 'n Appellante die vonnis na die Transvaalse Provinsiale Afdeling ("TPA") is afgewys. Met verlof van die TPA is die onderhawige appêlante die genoemde vonnis gerig.

Appellant het ten tyde van die summêre verhoor in die streekhof op beide aanklagte skuldig gepleit. Daarna, en in ooreenstemming met art 112(2) van Wet 51 van 1977, het hy die volgende skriftelike erkenninge gemaak:

"Ek, HYASINTH MOLOI, erken hiermee:

1. dat ek op 3 Augustus 1978 en te Klerksdorp wederregtelik en onwettiglik in besit / was .

3 was van 'n M.A.B. Espanola pistool sonder dat ek die houër van 'n lisensie is om gemelde wapen te besit, welke wapen in werkende toestand is;

2. dat ek op die voormelde datum en te Klerksdorp wederregtelik en onwettiglik in besit was van 4 (vier) 7.65 rondtes ammunisie;

3. dat ek nie 'n gelisensiëerde handelaar is nie ;

4. dat ek nie in wettige besit was van 'n wapen waaruit die ammunisie afgeskiet kan word nie."

Die erkenninge is uitgelees en ingelees as bewysstuk A. Vervolgens is hy skuldig bevind aan beide aanklagte.

Appellant het, ter versagting van vonnis, getuie afgelei. Dit blyk dat hy die vuurwapen (enpatrone) vir nege maande in sy besit gehad het. Hy het dit op 'n voetpad naby die Skoonspruit in Klerksdorp opgetel. Sy reaksie op die vonds blyk uit die volgende getuie:

"Toe jy dit optel, wat wou jy daarmee maak?— Ek was baie bly gewees, Ek wou mos sê dis nou my geluk .

Hoekom was jy baie bly en gedink dis jou geluk? - - Want ek het al in die koerant

/ gelees

4

gelees, Edelagbare, dat besigheidsmanne

vuurwapens kan besit en toe ek dit optel het ek bly geword en gesê nou het ek maareen vir myself.

Wat het jy met hierdie vuurwapen gemaak toe jy dit opgetel het?-- Ek het niks daar-mee gedoen nie Edelagbare; ek het dit altyd in my voertuig gehou Edelagbare ; ek het somtyds daarvan vergeet want ek het baie dinge wat ek doen .

Waar in die voertuig het jy dit gehou?-- .Onder die sitplek Edelagbare .

Weet jy hoe 'n vuurwapen werk?-- NeeEdelagbare, ek het dit nooit gebruik nie enek weet nie hoe dit werk nie."

Hy het getuig dat hy 42 jaar oud is; dat hy getroud is ;dat sy vrou nie werk nie ; dat hy drie kinders het; dateen op universiteit is en twee op skool; dat sy susteroorlede is en dat hy vir haar kinders sorg; dat hy vir sy sewentigjarige moeder sorg ; dat hulle almal saam met,hom in sy huis bly ; dat hy die eienaar is van 'n melkerywaar hy melk verkoop en vanwaar hy melk aflewer aan klante;dat hy heeltyd van vroeg in die oggend tot elfuur die aandin die winkeltjie moet wees; dat die inkomste van die melkery

/ R300

5R300 per maand is; dat hy in Jouberton, die dorp waar hy woon,'n bekende persoon is; dat hy vir elf jaar eers raadslid entoe voorsitter van die Jouberton Adviserende Raad was en

die afgelope ses jaar president van die Kamer van Kleinhandel.Appellant het ook getuig van 'u voorval wat by sy winkel.gebeur het . Die volgende uittreksel uit sy getuienis

is veelseggend:

"Dit was eendag, ongeveer 1.1-uur die oggend, Edelagbare, was ek daar besig met die geld gewees, die geld moes gebank gaan word Edel- agbare. Daar het toe vier persone ingekom en hulle het die geld gevat , en het toe met die geld weggehardloop. Ek het hulle toe met hierdie voertuig van my gevolg waarin die vuurwapen was. Ek het die een gevolg wat die geld gevat het en toe ek by hom kom, het hy toe gestaan; ek het by die voordeur uitgeklim en ek het toe reguit na hom toe gegaan. Hy het toe'n mes uitgepluk en hy het toe probeer om my daarmee aan te val. Ek het toe my gedagte gebruik, Edelagbare, om hom te wen. Ek het hom toe arresteer en na die polisie toe gebring. Maar ek weet nie wat het toe van daardie saak geword nie Edelagbare.

Met wat het jy hom oorweldig?— Ek hetso 'n little of karate gebruik Edelagbare.

Waar was die rewolwer op daardie stadium?--Dit was onder die sitplek gewees .

/ Hoekom

6

Hoekom het jy nie die rewolwer gevat om te oorweldig?-- Ek het heeltemal daarvanvergeet, Edelagbare, dat ek 'n vuurwapen het ."

Die landdros het etlike vrae aan die appellantgestel. Ek heg waarde aan die volgende tersaaklike vraeen antwoorde daarop:

"Het jy ooit aansoek gedoen om 'n vuurwapenlisensie?-- Nee, ek het nooitprobeer aansoek doen nie Edelagbare.

Waarom nie?- Omdat ons by ons vergaderingsin die sakekamer daar ooreengekom het, Edelagbare , dat ons as 'n komitee aansoek sal doenvir vuurwapens vir ons mense wat besighede het. Na hierdie vergadering was daar weerverkiesings gewees Edelagbare, en toe was ek niefweer die president gewees nie en net daarna hetek toe in hierdie moeilikheid beland en ek isbaie jammer daaroor.

Maar waarom het jy nie persoonlik aansoekgedoen om 'n vuurwapenlisensie nie?-- Ek hetnie daaraan gedink om dit persoonlik te doennie Edelagbare.

Omdat jy nie 'n vuurwapen nodig gehad hetnie?-- Verskoon Edelagbare?

Omdat jy nie 'n vuurwapen nodig gehad hetnie?-- Ek het dit nodig Edelagbare, maar ekhet toe gedink in dié dat ons as 'n komiteeaansoek sal doen , sal dit meer aanvaarbaar weesas wat ek dit alleen moet doen. . '

Hoe Lank is jy in hierdie besigheid?—Sestien jaar Edelagbare.

/ En.....

7 En al sestien jaar het jy klaargekom sonder 'n vuurwapen?-- Ja Edelagbare, maar gedurende hierdie tyd was daar al nege roofsake wat ek hangend gemaak het by die Polisie wat nooit toe afgehandel was nie. Maar ek volg jou nie. Jy vertel die hof jy het 'n vuurwapen nodig vir noodv/ eer of self- beskerming maar jy gebruik nie hierdie een wat jy het nie?-- Ek het dit nie gebruik nie Edelagbare, want ek het dit nie wettiglik in my besit nie en my bedoeling is ook nie om dood te maak nie en ek weet ook nie hoe dit werk nie ."

Appellant is nie 'n eerste oortreder nie. Syvorige veroordelings en vonnisse is soos volg:

1956 - 6 weke gevangenisstraf vir ontsnapping;

1965

- R60 of 9 dae gevangenisstraf vir diefstal; 1966
- 180 dae gevangenisstraf vir diefstal ;

1974 - R40 of 20 dae gevangenisstraf - Geentransportsertifikaat of vrystelling.

Soos later sal blyk, het die landdros met die opleggingvan vonnis die erns van die onderhawige misdade beklemtoon. Hyhet aangehaal uit 'n hele aantal gewysdes waarin op die erns vandie onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie gewys word.Dit is langs hierdie weg wat hy tot die gevolgtrekking geraak

/ het

8het dat 'n vonnis van 18 maande gevangenisstraf gepas sou wees.

IN sy redes vir die oplegging van die vonnis het die landdrosappellant se persoonlike omstandighede uiteengesit en ook melding gemaak van die nege roofsake wat appellant by diepolisie aanhangig gemaak het . Die volgende aanhalings uit

die landros se redes vir vonnis is belangrik (die nommers deur my aangebring)

(1) "Die Hof moet nie hierdie vorige veroordelingste veel beklemtoon nie . Daar is nie 'n enkele vorige veroordeling wat dergelik is aan die onderhawige twee misdrywe nie en dan is dit ook nodig dat die hof in aanmerking moet neem dat behalwe die laaste veroordeling in 1974 wat gegaan het oor 'n betreklike geringe misdryf onder die motortransportasiewet, is die ander vorige veroordelings reeds oud en, soos tereg betoog deur jou raadsman, toe jy die diefstal en ontsnapping gepleeg het was jy 'n veel jonger man."

(2) "Die hof kan nie uit die oog verloor, beskuldigde, dat jy nie 'n eerste oortreder is nie alhoewel die hof nie te veel klem wil laat val op jou vorige veroordelings nie."

(3) "Jou eie woorde is dat jy soms vergeet het van hierdie vuurwapen . Die hof is ook nie deur jou getuienis oortuig van die noodsaaklikheid om 'n vuurwapen te besit nie want toe jy noutuidens jou eie getuienis beroof is van geld,

/ het.....

9

het jy geensins die wapen gebruik nie. Sonder

'n vuurwapen het jy daarin geslaag om 'n man

wat jou geld geneem het in hegtenis te neem ofskoon hy 'n mes gehad het."

(4) "Na sorgvuldige oorweging van al die omstandighede van hierdie saak is dit die hof se bevinding dat die klem wel moet val op die erns van die misdaad. Die hof se bevinding is dat die enigste gepaste vonnis gevangenis- straf in die omstandighede van die saak is."

Ad (1) en (2) hierbo:

Ek is van mening dat maar min klem gelê moes gewees het op die vorige veroordelings en wel om die redes uiteengesit in (1).

Ad (3) hierbo: Met alle eerbied kan ek nie met die landdros

se

beredenering saamstem nie. As die bovermelde roof en dienege sake wat by die polisie aanhangig gemaak is in gedagte gehou word, dan, na my mening, is dit goed te verstaan dat die appellant wel gedink het dat dit ten minste baie wenslik is, indien nie noodsaaklik nie, om 'n vuurwapen te besit. Die

/ feit

10

feit dat appellant ten tyde van die agtervolging van dierower die vuurwapen nie gebruik het nie, tel in die guns van die appellant. Hy het die rower met sy (appellant)voertuig agtervolg; die vuurwapen was in die voertuig; die feit dat hy dit nie gebruik het nie versterk appellantse weergawe dat hy nie die moeite gedoen het om te leer hoe om die vuurwapen te hanteer nie en dat hy wel by tye daarvan vergeet het. Uie landdros het gefouteer om nie die appellantse optrede in die lig van wat hierbo gese is te beoordeel nie. Myns insiens was dit 'n wesentlike mistasting.

Ad (4) hierbo:

Dit is onbetwis dat die appellant nie die

vuurwapen opsetlik verkry het nie en dat hy nie die vuurwapen vir 'n kwade doel verkry of besit het nie. Dit blyk dat diesakekamer in beginsel aanvaar het dat dit wenslik is dat eienaars van besighede vuurwapens moet besit en dat appellantbeïnvloed was deur dié mening van die sakekamer. Dit is

/ duidelik

11 Duidelik uit die landdros se redes vir vonnis dat hy niegenoegsame oorweging aan hierdie feite gegee het nie. Ek is van mening dat hy gefouteer het om dit nie te doen nie. In *S v David Rara*, 'n ongerapporteerde saak wat in hierdie hof op 12 November 1981 beslis is, het TROLLIP Wn AR die volgende gesê:

"I turn now to the question as to what sentence we should substitute. This problem has been recently considered by this Court in *S v Matoma* 1981 (3) SA 838, *S v Mkhabela* and *S v Maseko* (judgments delivered on 28.9. 1981). These cases point out that, while such offences should generally be regarded by courts as serious, especially in or in connection with Black urban residential areas, care must be exercised not to over-emphasize such general considerations at the expense of the personal circumstances of the particular accused or the peculiar circumstances of the particular case, since those factors may otherwise get overlooked, ignored or be given insufficient weight."

By ontleding van die landdros se benadering

blyk dit dat hy die erns van die oortredings oorbeklemtoon

12

het in die omstandighede van dié geval. Elke saak moet in die lig van die beskuldigde se persoonlike omstandighede en van die besondere omstandighede van die geval oorweeg word. Gesien wat in (3) en (4) hierbo uiteengesit is, en appellantse persoonlike omstandighede in ag genome, is ek van mening, nieteenstaande die feit dat die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie 'n ernstige oortreding is, dat 'n opgeskortevonniss van 9 maande in dié geval voldoen aan die doelstellings van strafoplegging.

Die appèl slaag en die vonnis van 18 maande

gevangenisstraf word gewysig om te lees:

"9 maande gevangenisstraf opgeskort vir vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigdenie skuldig bevind word aan 'n oortreding van art. 2 of art- 36 van Wet 75 van 1969 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie".

O GALGUT

RABIE, HR) STEM SAAMCILLIE, AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/149.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-moloi-unknown-topic-asca-1984>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria